VEILINGSOOREENKOMS

OOREENKOMS AANGEGAAN DEUR EN TUSSEN:

S.A. HOLSTEIN

(hierinlater na verwys as "S.A.H" en hierin verteenwoordig deur ‘n SA Holstein verteenwoordiger behoorlik daartoe gemagtig)

en

_____

(hierinlater na verwys as die "VERKOPER")

NADEMAAL die Verkoper begerig om onder die beskerming van S.A. Holstein 'n veiling te reël op _____ te _____,

NADEMAAL S.A.H bereid is om die veiling onder sy beskerming te laat plaasvind

NOU DERHALWE KOM DIE PARTYE SOOS VOLG OOREEN :

1.

Die Verkoper onderneem en waarborg dat :

(i) alle diere op die dag van die veiling vry of negatief getoets sal wees van tuberkulose en brucellose (besmetlike misgeboorte); die verkoper moet in besit wees van ‘n TB en BA sertifikaat, wat ingehandig moet word aan die S.A.H. verteenwoordiger voor die veiling wat sê dat die hele kudde negatief getoets het, maar in die geval van TB, sal sertifikate vir spesifieke diere aanvaarbaar wees, en

(ii) dat graaddiere alleenlik aangebied sal word mits hulle deur 'n Beampte van S.A.H voor die veiling goedgekeur is;

(iii) dat alle Holstein-diere wat vir die veiling aangebied sal word, voor die veiling onderworpe sal wees aan goedkeuring deur 'n Beampte van SAH en dat slegs goedgekeurde diere op die veiling verkoop sal word; en

(iv) dat die betrokke inskrywingsstandaarde toegepas sal word;

(v) diere wat in kalf is van ander rasse of van Graad Holstein bulle, aan die Beampte uitgewys sal word;

(vi) hy die eienaar is van die diere wat te koop aangebied sal word;

(vii) ‘n Geskrewe addendum tot die katalogus moet op die dag van die veiling, maar VOOR die veiling in aanvang neem, aan voornemende kopers beskikbaar gestel word, t.o.v. alle besonderhede van diere wat anders is as in die veilingskatalogus. Die verkoper neem alle verantwoordelikheid t.o.v. diere waarvan die inligting anders is as in die veilingskatalogus, indien ‘n addendum nie beskikbaar is nie.

2.

Die Verkoper onderneem om aan S.A.H 'n lys te verskaf van die name en registrasienommers van alle diere wat op die veiling aangebied sal word, ten minste agt weke voor die datum van die veiling, tesame met KI-gegewens en alle relevante opmerkings.

3.

Die Verkoper onderneem om aan S.A.H een persent van die totale omset van die verkoper se diere op die veiling te betaal ten opsigte van die diere wat op die bogemelde veiling verkoop word, en magtig hiermee onherroeplik en in **rem suam** die afslaer om die gemelde oorbetaling aan S.A.H te maak, tensy anders ooreengekom.

4.

Die verkoper verbind homself tot ‘n gedragskode in ooreenstemming met paragraaf 8.2 (b) van die konstitusie met die ontvangs en aanvaarding van aanbiedinge op die veiling na verwys in hierdie ooreenkoms, of in transaksies voortspruitend uit die veiling.

5.

Die Verkoper onderneem verder om :

(i) aan die beampte, verskaf, deur S.A.H, al die registrasiesertifikate te oorhandig van die diere wat op bogemelde veiling aangebied word voor die afloop van die veiling;

(ii) om enige gebrek, siektetoestand of tekortkoming wat nie opsigtelik is nie, te openbaar aan die aangewese beampte van S.A.H ten tye van sy keuring van die diere;

(iii) om hierdie veiling nie as synde onder die beskerming van S.A.H te adverteer nie alvorens hierdie Ooreenkoms deur S.A.H aanvaar en onderteken is, en indien dit wel gebeur dat dit geadverteer word voor sodanige ondertekening en goedkeuring, sal die Verkoper hom skuldig maak aan kontrakbreuk en sal hy aan S.A.H bogemelde kommissie van een persent moet betaal.

6.

S.A.H onderneem om:

(i) die Afslaers/Eienaar met die nodige stambome soos versoek deur die Verkoper te voorsien vir gebruik in die veilingskatalogus;

(ii) om ten minste een dag voor die veiling 'n Beampte te voorsien om die diere vir die veiling te keur;

(iii) aan die afslaer 'n lys van alle uitstaande bedrae bo 90 dae verskuldig aan S.A.H te verskaf ten opsigte van privaat veilings.

7.

Die Verkoper magtig onherroeplik en in **rem suam** die afslaers om die bogemelde kommissie van een persent, soos verwys na supra in Paragraaf 4, binne 14 dae na die voormelde veiling aan S.A.H oor te betaal, tesame met besonderhede van oordrag wat insluit die datum van verkoop, die lotnommer verkoop, en die naam en adres van beide die koper en verkoper.

8.

Die Verkoper magtig ook onherroeplik en in **rem suam** en spesifiek die Afslaers om alle uitstaande bedrae (soos in paragraaf 6.iii vermeld) verskuldig deur hom aan S.A.H wat **inter alia** insluit sy ledegelde, registrasiegelde of enige uitgawes wat mag voortvloei as gevolg van die hou van die veiling, van die opbrengs van die veiling af te trek, en binne 14 dae aan SAH oor te betaal, soos meer volledig sal blyk uit Aanhangsel "A" hiertoe.

9.

Hierdie Ooreenkoms sal van nul en geen waarde wees tensy die Afslaers toetree en hierdie Ooreenkoms onderteken.

10.

Hierdie is die gehele Ooreenkoms tussen die partye en geen wysiging, toevoeging of verandering tot hierdie ooreenkoms sal geldig wees tensy op skrif gestel en deur al drie die partye onderteken is.

	JA	**NEE**
Verlang tweegeslag stambome		
Verlang driegeslag stambome		
Verlang geen stambome		

GETEKEN TE _____ op hierdie _____ dag van _____.

AS GETUIES:

1. _____

2. _____

_____

HANDTEKENING VAN DIE EIENAAR

ADRES VAN VERKOPER: _____

_____

_____

_____

GETEKEN TE _____ op hierdie _____ dag van _____.

AS GETUIES:

1. _____

2. _____

_____

HANDTEKENING VAN S.A.H SE GEVOLMAGTIGDE

GETEKEN TE _____ op hierdie _____ dag van _____.

AS GETUIES:

1. _____

2. _____ _____

HANDTEKENING VAN AFSLAER SE GEVOLMAGTIGDE

AANVAARDING DEUR AFSLAER

Ek, die ondergetekende, behoorlik daartoe gemagtig deur _____, aanvaar hiermee die onherroeplike en in **rem suam** opdrag gegee deur _____ in terme van Paragrawe 7 en 8 van die Ooreenkoms aangegaan deur en tussen S.A. Holstein en _____ .

Hierby aangeheg gemerk Aanhangsel "B".

_____

p.p.

Dit word hiermee bevestig dat _____behoorlik daartoe gemagtig is en geregtig is om die bogemelde aanvaarding te teken vir en ten behoewe van

_____

_____

DIREKTEUR

STEMPEL VAN DIE MAATSKAPPY

AANHANGSEL "A"

BEDRAE VERSKULDIG AAN S.A. HOLSTEIN

Lidnommer: _____

1.	Uitstaande rekening soos op dag van veiling	R_____
2.	Stambome vir veiling voorsien	R_____
3.	Kommissie	R_____
4.	Addisionele transaksie aangegaan tot op datum van veiling	R_____
	Totale bedrag verskuldig	**R_____**